

DIE ARRESTASIE VAN MEV. PIET UYS OP SONDAG, 25 OKTOBER 1835

I

Petrus Lafras Uys is in baie opsigte die onbekendste van die Voortrekkerleiers uit die voorste linie. Ons weet dat hy 'n groot verkenning-kommissie na die aantreklike Port Natal gelei het: tog het hy hom glad nie onder die eerste Voortrekkers geskaar nie. Hy is veronderstel om onder die leiers te wees wat in die geheim die Groot Trek voorberei het: tog het hy met die verteenwoordiger van die Britse gesag in die Kaapkolonie, sir Benjamin D'Urban, op so 'n goeie voet verkeer dat hy met sy terugkeer 'n verslag aan hom gebring het. Afwesig in Natal tydens die Xhosa-inval aan die begin van die Sesde Oosgrensoorlog, het hy later, net voor die vrede, met heldemoed geveg en doodveragte Xhosakrygers wat op die Zoeloepatroun met kort steekspiese gestorm het, met koele berekendheid voor die geweerlope afgemaai. Op sy verkenningstog na Natal was hy oorkant die koloniale grens in persoonlike beraadslaging met die Voorste Voortrekker, Louis Tregardt; op sy terugkeer was hy in dieselfde omgewing met Hintsa in betekenisvolle gesprek gewikkel. Oor die Opperhoof se moontlike voornemens en optrede kon hy eerste-hands rapporteer voordat kolonel (later sir) Harry Smith kort daarna Hintsa se spoor gesny het.¹

Baie van die dade en uitlatings van Piet Uys word te simplisties as uitinge van 'n individualis vertolk. Hoofsaaklik omdat min dokumente deur Uys opgestel, teruggevind is, was geskiedskrywers nie in staat om sy rol gedurende die kritieke jare 1834-1838 vas te stel en nader te ontleed nie. Sy eie dood — uniek onder al die belangrikste Voortrekkerleiers — het op die slagveld plaasgevind: hy het sy noodlottige wond te perd in die bergwêreld van Zoeloeland opgedoen. Tog staan die heldedood van sy seun Dirkie Uys vandag as meer bekende feit as sy eie dood in baie geskiedenisverhale opgeteken.²

Die arrestasie van Piet Uys se vrou in die distrik Uitenhage is nog 'n gebeurtenis rakende sy familie wat in die geskiedskrywing oor die veroorsaking van die Groot Trek 'n plek verower het. Prof. E. A. Walker skrywe bv. dat beweer word dat Uys getrek het o.a. omrede „his indignation that his wife should have been haled to court, there to answer a charge brought against her by a Hottentot . . . What though Mrs. Uys was acquitted, there was the delay and expense of the journey to the far-distant magistracy, a difficulty which gave a farmer the choice between marching errant servants to court for punishment with all

1. Aangesien heelwat stukke uit die distriksargief van Uitenhage die afgelope 140 jaar verlore gegaan het, is dit nie maklik om Piet Uys se rol in die Kolonie voor die Trek na te spoor nie. Van die beamptes was ook onbekwaam en laks in die hou van hul rekords. Uys se rol in die Uitenhagedistrik moet dus gewoonlik uit verspreide brokkies bronne gerekonstrueer word.
2. Piet Uys het geen versameling van persoonlike dokumente nagelaat nie: vandaar dat sy optrede tydens die Groot Trek dikwels deur die oë en die pen van sy teenstanders gesien en beskryf is.

the risk attendant on leaving the homestead unguarded, or of taking the law into his own hands at the risk of incurring the penalty of the law.”³ Sowel in die tradisies van die Uysfamilie as in die algemene griewe-kompleks van die Voortrekkers, het die arrestasie van Uys se vrou voortgeleef. Dit is tot dusver egter hoofsaaklik aan die hand van sekere bekende gedrukte bronne beskryf.⁴ Gedurende die bykans 140 jaar sedert 1835 het sekere handskrifte al die tyd in die Kaapse Argiefbewaarplek vergete gebly, sommige in verbleikte, moeilik leesbare vorm. Nou is hulle skielik te voorskyn gehaal.⁵ Met behulp van hierdie addisionele gegewens, is dit nou moontlik om verdere lig op die insident te werp.

II

Voorsien van 'n lasbrief deur Spesiale Magistraat, kaptein T. C. Sherwin, R.N., van die distrik Uitenhage, en nou gestasioneer te Port

3. *A History of Southern Africa*. 2de ed., Londen ens. 1957, p. 198. Vgl. ook S. F. N. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika*, II, Stellenbosch 1928, p. 293 en H. B. Thom, *Die Lewe van Gert Maritz*, Kaapstad ens. 1965, p. 72.
4. Vgl. o.a. G. McC. Theal, *Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches*, Kaapstad 1913, p. 281; G. S. Preller, *Voortrekkermense*, I, Kaapstad, ens. 1920, pp. 295-6; J. C. Chase, *The Natal Papers*, Grahamstad 1843 (Faksimile-uitgawe, Kaapstad 1968), I, pp. 44-5 en 92 en II, p. 45.
5. Gedurende die laaste halfuur van sy laaste middag op 'n dag in Mei 1972, het die skrywer van hierdie artikel in die Kaapse Argiefbewaarplek te Kaapstad in G.H. 34/6: Index and Register to Frontier Letter Book, 1835, op die spoor gekom van vier briewe wat Pieter Lafras Uys in die tweede helfte van 1835 aan die Britse owerheid geskryf het. Oor die bestaan van een van hierdie briewe, of memories, het ons uit gedrukte werke reeds kennis gedra: die ander drie was egter onbekend. Aangesien ek toe nie meer oor tyd in Kaapstad beskik het om die vermiste dokumente te probeer opspoor nie, het mnr. J. C. Visagie, M.A. (lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en 'n uitnemende kenner van die Kaapse Argiefbewaarplek) wat in die leeskamer teenwoordig was, baie vriendelik aangebied om hulle te help vind. Op 1 Junie kon hy rapporteer dat hy twee van die memories met bygaande briewe en beëdigde verklarings) teruggevind het in C.O. 2755: Letters Received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Uitenhage, George, 1835, ongenommer, P. L. Uys aan D'Urban, 4 Aug. 1835 (met aanvullende dokumente) en C.O. 3983: No. 64, P. L. Uys aan L'Urban, 2 Nov. 1835 (met heelwat aanvullende stukke). Dan het mnr. Visagie nog in C.O. 2755 'n oorspronklike versoekskrif deur P. L. Uys, en andere, aan siviele kommissaris Van der Riet, ongenommer en gedateer 5 Des. 1835, opgespoor waarvan slegs die antwoord bekend was. Laasgenoemde berus in Theal se afskrifte in „Emigration Documents,” wat te vind is sowel in die Cory-biblioteek, Rhodes-Universiteit, te Grahamstad, as in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek te Kaapstad. Verder het hy 'n afskrif van 'n vertaalde brief deur P. L. Uys aan D'Urban, gedateer Oranjerivier, 7 Aug. 1837, waarvan die oorspronklike in die D'Urban Papers (Acc. 519), Kaapse Argiefbewaarplek, berus (en 'n ander vertaling, moontlik uit die D'Urban Papers, deur Theal gepubliseer is in sy bovermelde *W. A. van der Stel and other Historical Sketches*, pp. 281-2), uit C.O. 3995: Memorials Received, S-Z, Nos. 1-204, 1837, No. 126 laat fotografeer. Altesaam het mnr. Visagie fotokopieë van byna 50 bladsye vir my bestel. Vir hierdie en ander hulp is ek baie dank aan hom verskuldig: daarsonder sou hierdie artikel nie nou moontlik gewees het nie. My dank ook aan die Kaapse Argiefbewaarpersoneel vir gereelde hartlike samewerking en die uitstekende fotografering van die dokumente, waarvan die ink op ses bladsye erg verbleik is. Ten slotte my dank aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die steun van 'n gedeelte van my navorsing oor die Groot Trek. Alle menings uitgespreek is my eie. Tensy anders vermeld, berus alle argivalia in die Kaapse Argiefbewaarplek te Kaapstad.

Elizabeth, het konstabel Richard Tee om ongeveer 1-uur namiddag op 25 Oktober 1835 by die latere Voortrekkerleier Pieter Lafras Uys se woonplek aangekom.⁶ Uys het toe gewoon op die plaas *Brakfontein* aan die mond van die Krommerivier, twee dagreise te perds van Port Elizabeth. Hyself was afwesig, maar was reeds op pad terug na sy huis. As burgeroffisier, het hy op kommando met soveel dapperheid geveg dat dit in *The Graham's Town Journal* gerapporteer is en onder goewerneur sir Benjamin D'Urban se aandag gebring is.⁷

Sy vrou het nog kort tevore gewoon in die vooruitgeskewe wyk Onder-Boesmanskloof van dieselfde Uitenhage distrik, wat swaar onder die Xhosa-invalle van laat-Desember 1834 en die daaropvolgende weke deurgeloopt het.⁸ Nou was sy verder weswaarts in veiliger oorde by haar skoonouers gevestig. Aangesien Piet Uys met sy niggie getroud is, was Jacobus, die ouer, en sy vrou tegelyk ook Alida Maria Uys se eie oom en tante.⁹ In dieselfde omgewing het nog familieleden soos die Moolmans en Humans gewoon.

Met sy aankoms het die konstabel Piet Uys se moeder ontmoet. Aan haar het hy probeer verduidelik dat hy haar skoondogter, na aanleiding van die beskuldiging wat dié se ingeboekte bediende ('n oud-slavin) teen haar in Port Elizabeth aanhangig gemaak het, kom soek het. Presies hoeveel Hollands Richard Tee geken het en hoeveel Engels mev. J. J. Uys, senior, weet ons nie. Dit was egter vir laasgenoemde duidelik dat dit oor die voorheen veelbesproke bediende Rosina gegaan het, want sy sou, volgens Tee „heelwat gesê het oor die gedrag van die meid.”¹⁰ 'n Jongman wat toe in die kamer ingekom het, is deur mev. Uys voorgestel as die seun van Piet Uys. Dit moes die sowat sestienjarige Jacobus

6. C.O. 3983: Memorials Received, T-Z, Nos. 1-183, 1835, No. 64, P. L. Uys aan D'Urban, 2 Nov. 1835, waarby aangeheg is 'n verklaring van konstabel R. Tee, 16 November 1835. Vir besonderhede oor Piet Uys se woonplek kyk ds. C. Hopkins se plakboek, p. 107. Graag bedank ek hom vir insae daarin verleen en vir verdere hulp in my navorsing oor Piet Uys.

Richard Tee, Senior, het in 1820 as 28-jarige boer met vrou en vier kinders in die Kolonie geland. Sy oudste seun was die sewejarige Richard. Kyk E. Morse Jones, *Roll of the British Settlers in South Africa*, Part I up to 1826, 2de ed., Kaapstad 1971, p. 61. In *The Graham's Town Journal* van 2 Oktober 1834 is aangekondig dat Richard Tee, die jongere, 'n Europeaan, van inbraak en diefstal aangekla voor die Rondgaande Hof te Uitenhage sou verskyn. Die uitslag van die verhoor is onbekend.

7. C.O. 3983: No. 64, P. L. Uys aan D'Urban, 2 November 1835 en R. Godlonton, *A Narrative of the Irruption of the Kaffir Hordes . . .*, Grahamstad 1836 (Faksimile-herdruk, Kaapstad 1965), p. 223.

8. Vgl. L.G. 38: Memorials Received from private individuals (Claims re War losses): T-V v.d. Merwe 1835, No. 277, pp. 128-130 en *The South African Commercial Advertiser* van 2 Aug. 1837.

9. De Villiers-Pama, *Geslagregisters van die ou Kaapse Families*, Kaapstad en Amsterdam 1966, S-Z, III, pp. 1002-3 en J. 374: Opgaaf Rolle, Uitenhage, 1826, veldkornetskap Gamtoosrivier, no. 60.

10. Verklaring van R. Tee, 16 November 1835, in C.O. 3983: No. 64, Uys aan D'Urban, 2 Nov. 1835. Tot by die afsluiting van die konstabel se relaas, is my beskrywing hoofsaaklik op Tee se verklaring gebaseer.

Johannes gewees het.¹¹ Hy is versoek om die konstabel na mev. Piet Uys te neem. So het Tee met sy lasbrief vir haar inhegtenisneming by sy doelwit uitgekóm.

Dit was nogal 'n historiese ontmoeting wat heelwat verreikende gevolge sou hê. Nie slegs sou dit Piet Uys se persoonlike wrewel teen die Britse beleid in die Kaapkolonie opwek nie, maar dit sou ook deur die hele patriargale Uysfamilie en talle van sy bure nog lank onthou word. Byna twee jaar later sou Piet Uys as Voortrekkerkommandant op die Oranjerivier self nog daarna verwys.¹² Latere historici — soos reeds hierbo aangetoon — sou dit ook aanhaal as 'n spesifieke voorbeeld van hoe griewend die stelsel van oorbeskerming van kwaadwillige ingeboektes, wat ligtelik klagtes teen dienshere aanhangig gemaak het, op grensboere ingewerk het. Die volle besonderhede van wat presies gebeur het, is nog nie tevore aangebied nie.

Volgens Tee se verslag, het mev. Piet Uys hom gevra om te sit, waarop hy „as civilly as possible made her acquainted with my business (sic) without producing my warrant.” Dit is weer eens duidelik dat die twee nie mekaar se taal goed gevolg het nie. Die konstabel het verstaan dat die grootste probleem die gebrek aan 'n vervoermiddel was. Toe Tee verklaar dat hy daarin kon voorsien, het haar seun gesê dat hy 'n wa met osse sou leen; waarop Tee met hom saam is na Jakobus Moolman. Daar ontmoet Tee vir Piet Uys se vader, 'n ouderling, op sy terugkeer van 'n kerkdiens, vermoedelik op 'n buiteplek.¹³ Jakobus Uys het

11. Omdat Dirkie Uys (die latere kinderheld) toe maar twaalf jaar oud was en Pieter maar agt jaar, kan geneeen van hulle as 'n jongman beskryf word nie (De Villiers-Pama, *Geslagsregisters*, III, p. 1003). Dirkie Uys (Dirk Cornelis) is gebore op 3 Maart 1823. Vgl. Swellendam 4/4: Doop-Boek, 1823-1824, p. 26. Pieter Uys (Petrus Lavras) wat in 1879 in Zoeloeland genseuwel het, is op 1 September 1827 gebore. Kyk Uitenhage 4/1: Doop Boek, 1817-1829. Albei bande berus in die Ned. Geref. Kerkargief, Kaapstad.
12. Kyk afdeling VI van hierdie artikel. Soos blyk uit De Villiers-Pama, *Geslagsregisters*, III, pp. 1002-3, was die besonder uitgebreide Uysfamilie (die vader van Piet Uys het 14 kinders gehad) in grensfamilies soos die Moolmans, Humans, Maritze, Potgieters, Wesselse en Scheepse ingetrou. Soos in baie ander grensstreke was meeste bure hier familie van mekaar.
13. Die aanhaling is op die eerste (ongenommerde) bladsy van die verklaring van Tee, waarvan die derde bladsy gedateer is 16 Nov. 1835. Indien Jakobus Uys die afgeleë kerk op die dorp Uitenhage dié Sondag besoek het, kon hy nie nou al terug gewees het nie. Kyk die kaart op p. 4 in C. F. J. Muller, „Veertig Jaar uit die Lewe van die Voortrekkerleier Karel Landman,” in *Historiese Studies*, 4de jrg., no. 1, Maart 1943 en Topo-Kadastrale Kaartreëks, Suid-Afrika, 1: 250,000, Vel. 3324, Port Elizabeth. Piet Uys se vader was afwesig van die kerkradsvergaderings op die dorp Uitenhage op 6 April, 6 Junie, 5 Oktober, 26 Desember 1835 en tot en met 3 Oktober 1836 toe hy as ouderling uitgetree het. Vgl. Uitenhage 1/1: Kerkradsnotule, 1817-1842, pp. 154, 156, 158 en 160 vlg. (Ned. Geref. Kerkargief, Kaapstad.) Vir 'n foto van die huis waarin Jakobus Johannes Uys, Senior, by die mond van die Krommerivier gewoon het, kyk D. J. Kotzé, *Dapper Kinders van Suid-Afrika*, Bloemfontein, jaartal onvermeld, p. 56.

Jakobus Moolman kon Jakobus Philippus Moolman gewees het. Kyk J. 374: Opgaaf Rolle, Uitenhage, 1826, veldkornetskap Gamtoosrivier, no. 34. J. P. Moolman het destyds met sy vrou Judith Margaretha, gebore Odendaal, en hul agt kinders daar gewoon. Teen 1836 tref ons hom op die plaas *Zeekoerivier* an (L.G. 278: No. 69, Siviele Kom. Uitenhage aan Hudson, 5 April 1837, bylae veldkornet T. J. Ferreira aan S. Kom. Uitenhage, 8 April 1837, p. 8).

ondernem om toe te sien dat sy skoondogter die volgende dag na die pad gebring word om Piet Moolman se wa te ontmoet wat dan na Port Elizabeth moes afreis. Toe is hulle terug na die Uysse se huis en die Sondagaand vra mev. Piet Uys vir die dagvaarding. Tee het geantwoord dat hy dit nie kon afgee nie want hy moes dit gebruik om die nodige vervoer vir haar te verkry. Mev. Uys het dit daarby gelaat, maar dit skyn dat sy nie wou glo dat daar werklik 'n wettige lasbrief vir haar inhegtenisneming uitgereik is nie. Die konstabel kon nie verstaan dat mev. Piet Uys, ook omdat sy 'n siek kind in die huis gehad het, soos later sou blyk, onwillig was om met hom te vertrek nie. Aangesien dit 'n Sondag was en hulle Piet Uys self binnekort terug verwag het, was haar familieledede nog verder onwillig om haar te laat gaan. Van die familie moes meegaan.¹⁴

Die Maandagmôre is 'n kar en vier perde gereed gemaak. Teen ongeveer tienuur het Piet Uys se vader aangekondig dat hy nog twee perde wil aanvra en dan self na Port Elizabeth sou meegaan. Vervolgens verklaar hy dat aangesien die kar dan weer te klein sou wees, hy nou voornemens is om 'n ander kar te probeer leen by Wessel Moolman. Dit het hy uiteindelik gedoen en so sy reis met sy skoondogter begin. „I wishing to be as civil as my duty would admit of”, verklaar Tee later, „I rode on to Gamtoes river ferry by myself where I stopt until (*sic*) the cart arrived.”¹⁵ Die volgende môre, terwyl hulle by die ponteienaar Gert van Rooyen se huis vertoef, versoek mev. Piet Uys die konstabel om sy lasbrief voor te lees. Hy doen dit. Daarna verneem Piet Uys se vader dat sy seun Piet heelwaarskynlik te Uitenhage sal wees en stel voor dat hulle eers daarheen moes gaan. Tee het dit nie teengestaan nie, en aan Piet Uys se vader gesê dat daarvoor tyd genoeg was en dat Tee op Uys se woord sou steun om by Port Elizabeth te wees op die vasgestelde tyd. So het Jacobus Uys met sy skoondogter op die Dinsdagmôre weggery. Nadat Tee 'n tydlank gewag het, het hy hulle op hierdie roete na die Baai gevolg. Te Uitenhage het hy later per ongeluk vir Piet Uys in Kerr se winkel raakgeloop, maar nie met hom gepraat nie. Weer het die konstabel die Uysse op hul perdekar vooruit laat ry na die Baai. Toe Tee hul inhaal waar hul op die pad uitgespan het, het die konstabel hulle goeie môre toegewens. Piet Uys wat nog met die perde doenig was, het sy kop gedraai en vir Tee gevra „if I was a Government

14. Verklaring van Tee. Dat daar 'n siek kind onder mev. Piet Uys se sorg was, blyk o.a. uit Piet Uys se memorie aan D'Urban, gedateer 2 November. 1835 (No. 64 in C.O. 3983), waarin hy refereer na „a lame child” (p. 2 van sy ongenommerde stuk).

Piet Moolman kon Petrus Lafras Moolman, Wesselseun (getroud met Jacomina Dorothea Snyman), no. 40 in J. 374, wyk Gamtoosrivier, gewees het; of Petrus Johannes Moolman (getroud met Cicilia Johanna Nel), no. 68 in die wyk Gamtoosrivier, gewees het; of Petrus Johannes Albertus Moolman, P. J. seun, no. 69 in dieselfde wyk, gewees het.

15. Verklaring van Tee (op die eerste twee bladsye van sy ongenommerde verklaring). Wessel Moolman kon Wessel Hendrik Moolman (getroud met Beatrix Johanna Potgieter), no. 37 in J. 374, wyk Gamtoosrivier, gewees het.

Dienaar.”¹⁶ Toe die konstabel dit bevestig, was die gesprek, volgens Tee, daarmee afgehandel. Daarna het Tee die Uysse alleen gelaat om op hul eie na die Baai te gaan. Sover strek die konstabel se relaas wat hy ’n paar weke later op skrif gestel het om sy optrede te verduidelik en ook te verdedig.¹⁷ Dat hy en die Uysse mekaar by verskeie geleenthede nie goed verstaan het nie, kan aanvaar word. Die Uysse, vader en later ook die seun, met laasgenoemde se vrou, was verplig om, beginnende met voorbereidsels op ’n Sondag, daelank van die Krommerivier na Algoabaai met ’n perdekar af te reis. Dat dit toevallig saamgeval het met die langverwagte tuiskoms van Piet Uys na ’n veeleisende kommandodiens, en dat die aanleidende oorsaak van alles ’n aanklag was van Rosina, ’n kwaadwillige ingeboekte bediende wat tevore reeds probleme vir Piet Uys en sy vrou meegebring het, en toe nie gestraf is nie — het die latere Voortrekkerleier se heftige wrewel opgewek.¹⁸

Dat Rosina se aanklagte van aanranding teen Piet Uys en sy vrou in besonder sterk taal deur die hof verwerp is, het nie Piet Uys se woede gou laat afkoel nie. Spesiale Magistraat Sherwin se nota op die stukke voor hom het soos volg gelui:

„No calumny can be more gross, no falsehood more base than this, and Rosina is sentenced to one month at hard labor, and to be confined in the stocks, during the first week, viz. eight hours, on the following days, Monday, Wednesday and Saturday next, for having made a wicked and malicious complaint, against her Master and Mistress. Sentence carried into effect.”¹⁹

Na ’n gedwonge afwesigheid van meer as ’n week van hul huis, keer Piet Uys se vader en sy vrou na die Krommerivier terug. Die latere Voortrekkerleier is so gebelgd dat hy weer die lang pad oor Uitenhage verkies om selfs na sy lang afwesigheid sy persoonlike klagstaat aan die Goewerneur op 2 November 1835 nog eers in Engels opgestel te kry. Daar onderteken hy dit en stuur dit af.²⁰

III

Vir Piet Uys was die tweede helfte van 1834, gevolg deur feitlik die hele 1835, ’n veelbewoë tyd van belangrike beslissings en buitengewone inspanning. Hy was uitgeput en omgekrap, en sou nie Sherwin se optrede

16. *Ibid.*, bladsy twee van die ongenommerde stuk.

In Augustus 1835 word Samuel Kerr as „a saddler” te Uitenhage beskryf (G. H. 34/6: ongenommer, No. 167, Kerr aan Kaapse Regering, 11 Aug. 1835).

17. *Ibid.* Tee se verklaring aangaande sy eerste ontmoeting met Piet Uys is skynbaar teenstrydig met Uys se eie relaas. Vgl. die twee stukke hierbo na verwys.

18. Vgl. die eerste twee memories van Piet Uys, albei aan D’Urban: die ongenommerde stuk van 4 Aug. 1835 in C.O. 2755 en No. 64 van 2 Nov. 1835 in C.O. 3983. Ons het geen sekerheid in watter taal die reeks gesprekke gevoer is nie: dit kan wees dat elkeen sy eie taal besig met gebruikmaking van woorde in die ander se taal. Dit is ’n kommunikasieprobleem wat dikwels met ontmoetings in die grensdistrikte aangetref word.

19. C.O. 3983: ongenommerde nota, nie in sy handskrif opgestel nie, maar onderteken deur spesiale magistraat Sherwin; geskryf onder aan ’n afskrif van ’n verklaring deur Piet Uys se vader.

20. No. 64 in C.O. 3983.

daar laat nie, want hy het gereken dat Rosina se geaardheid teen hierdie tyd by die Spesiale Magistraat bekend moes gewees het.

Laat ons sien waarmee Uys alles doenig was en hoe hy Rosina se vroeëre doen en late opneem het. In Julie 1834 het Uys van goewerneur D'Urban verlof gevra om op sy bekende kommissie na Natal te gaan; waarop hy sowat twee maande later vertrek het.²¹ Na 'n uitgebreide verkenningstog deur verskeie dele van Natal het hy berig ontvang van die uitbreek van die Sesde Oosgrensoorlog en is hy weer met sy ossewaens deur die hoërliggende binneland van die Transkei oor die bolope van sy talle riviere. In Maart 1835 doen hy by Hintsa se nuwe woonplek in Gcalekaland aan en arriveer kort daarna by Grahamstad met vername nuus vir sir Benjamin D'Urban oor die belangrike opperhoof Hintsa se houding en moontlike planne t.o.v. die Oosgrensoorlog wat toe al sedert laat-Desember 1834 woed.²² Daarna moes hy hom haas om self uit te vind hoe dit met sy gesin en hul uitgebreide familie gaan. Hy kon vasstel dat sy plaas op die Onder-Boesmanskivier, in die Oostelike uitloper van die distrik Uitenhage, swaar onder die Xhosa-invallers gely het. Op 23 Mei 1835 verklaar hy te Grahamstad dat hy 'n perd ter waarde van Rds. 150 (£11. 5s), twee bulle ook gewaardeer teen Rds. 150, twee trekosse en twee melkkoeie gesamentlik gewaardeer teen Rds. 72 (£5. 8s.), verloor het. 'n Waardevolle hings, wat hy op Rds. 400 (£30) skat, skrap hy egter van sy verlieslys. Op sy versoek word hy later in 1835 deur die Regering van 'n lening van £1. 16s voorsien om broodnodige boerderybenodigdhede aan te skaf — moontlik die twaalf trekosse wat hy spesifiek aanvra in Mei 1835.²³

Intussen is Piet Uys se slawe gewaardeer. Soos die slawe van eienaars in die distrik Uitenhage, kon dit eers geskied na die eerste Xhosa-invallers teruggedryf is, in die eerste maande van 1835. Daar was net een volwasse slaaf, Rosina, sy huisbediende, 37 jaar oud. Haar waarde word op £150 gestel; en sedert 1 Desember 1834 is sy reeds 'n ingeboekte bediende in Piet Uys se huis. Tydens die waardasie word haar vier kinders aangeteken as July (9½ jaar), November (5½ jaar), Griet (4 jaar) en Jan (sowat 6 maande).²⁴

Op 4 Augustus 1835 skryf Piet Uys uit Grahamstad — terwyl hy

21. C.O. 3975: Memorials Received, U-Z, Nos. 1-117, 1834, No. 2, P. L. Uys en andere aan D'Urban, 19 Julie 1834; Uitenhage Argief, 14/47: Reports on Memorials, 1831-1839; C.O. 6087 (ou no.): Miscellaneous, Lists of Letters Received, 1833-1835, No. 470; en H. B. Thom, *Die Lewe van Gert Maritz*, 2de ed., pp. 77-8.
22. Ay8/85: ongenommer, L. Tregardt aan D. Campbell, 4 Nov. 1834 (oorspronklike met Engelse vertaling); *The Graham's Town Journal*, 6 Feb. en 20 Maart 1835; *The S.A. Com. Adv.*, 28 Maart 1835; H. Cloete, *Five Lectures on the Emigration of the Dutch Farmers*, Kaapstad 1856, pp. 62-3; W. C. Harris, *The Wild Sports of Southern Africa . . .*, Londen 1852, p. 288; A. F. Gardiner, *Narrative of a Journey to the Zoolu Country*, Londen 1836, p. 89.
23. L.G. 38: Memorials Received, 1835, oorspronklike memorie aan H. Hudson gerig, pp. 128-130.
24. Slave Office 20/15: Appraisalment of Slaves for the District of Uitenhage, 1834-1835, folio 3U, Petrus Lafras Uys. Ek is dank verskuldig aan mnr. B. J. Liebenberg, M.A., en J. C. Visagie, M.A., wat onafhanklik van mekaar, my van afskrifte voorsien het.

nog op kommando was, maar sy sake op dié dorp kom behartig het — direk aan goewerneur Benjamin D'Urban 'n dringende memorie waarin hy kla oor die ongehoorsame en opstandige gedrag van die ingeboekte arbeiders in die distrik Uitenhage; daarop wys dat die bestaande wette onvoldoende voorsiening maak vir strafuitoefening; en versoek dat die Regering in die bresse moet tree om behoorlike beskerming aan die betrokke inwoners te verleen.²⁵ Hoewel Uys namens sy medeburgers hierdie versoë aan die hoogste gesag in die Kolonie rig, skemer sy eie ervaring tog tegelyk deur. Hy beklemtoon dat die Uitenhaagse burgers nie langer in staat is om hul gewone bedrywighede met sulke onbeteuelbare arbeiders voort te sit nie. As voorbeeld noem hy 'n ingeboekte huisbediende wat beveel word om 'n baksel in die oond te sit en dan, ten einde aan die persoon in bevel doelbewus aanstoot te gee, die deeg weg te gooi. Dit word gedoen, sê Uys, in die wete dat sy nie gestraf kan word nie. As verdere voorbeeld noem Uys dat ingeboekte arbeiders transportwaens vir hul eie rekening oorlaai want hulle weet ook dit kan straffeloos geskied. Uys voeg by dat hy weet dat in werklikheid alle ingeboekte arbeiders hulle daarop toelê om bevele te veronagsaam. Hulle loop eenvoudig weg uit hul diens, gaan na die naaste magistraat om 'n verklaring af te lê, waarop die meester gedagvaar word om voor die magistraat te verskyn. Totdat borg betaal is, word die meester gevange gehou (soos kort tevore gebeur het met ene Human te Uitenhage, voordat hy die klag as vals kon bewys). Dan deel Uys 'n betekenisvolle feit mee: „That my wife having made a complaint to the Magistrate, the apprentice was *only* reprimanded and that when departing, [the] apprentice informed her mistress that she was convinced that the laws could not punish her.” Die persoonlike noot word voortgesit: „That last *Christmas* (d.w.s. toe Uys nog in Natal was en sy vrou sonder sy beskerming was) one of my apprentices informed her mistress that she expected a general revolt but that she would keep her mistress from harm. That another apprentice actually sent round to inform other apprentices in the neighbourhood to prepare themselves for he would shortly meet them.”²⁶ Vervolgens verklaar Uys dat hy 'n groot gevaar in hierdie nuwe vyand sien omdat nóg hy nóg enige van sy bure in staat is om die ingeboektes te keer. In twee nabygeleë veldkornetskappe is daar 300 ingeboekte arbeiders wie se gedrag nou so ongehoorsaam en wetteloos word dat die boere dit nie kan waag om hul plase te verlaat nie. Wanneer die mans op kommando uitgeroep word, is hulle families nie meer veilig nie. Derhalwe rig Uys sy memorie aan die Goewerneur namens die burgers in sy

25. C.O. 2755: ongenommer. Ons aanvaar dit as waarskynlik dat Uys ten minste drie maande op kommando was. Op 5 Junie 1835 het Piet Uys in 'n beëdigde verklaring voor die Resident-Magistraat van Uitenhage gemeld dat hy in April 1835 onder komdt. Linde van die Eerste Afdeling op kommando gegaan het, en daarna weer onder komdt. Somerset gedien het (kyk C.O. 2755: No. 84, bylae in „Clerk of the Peace”, Uitenhage, aan Militêre Sekretaris, 24 Junie 1835).

26. *Ibid.*

27. *Ibid.* Volgens die bron in voetnoot 24 vermeld, het Uys slegs een volwasse slavin as huismeid gehad.

omgewing om regeringsbeskerming te vra. Daar is 'n baie sterk aanduiding dat dit hul huisbediende Rosina was wat die lewe vir hom en sy vrou begin moeilik maak het; en dat dit veral 'n lastige probleem begin word juis toe Piet Uys weg van sy huis was.²⁷

Die Goewerneur het twee dae later aan kaptein Sherwin, die Spesiale Magistraat van Uitenhage, en aan die Siviele Kommissaris van Uitenhage en George versoeke gerig om oor Uys se memorie te rapporteer.²⁸ Terwyl laasgenoemde erken het dat sommige persone in die distrik Uitenhage gekla het dat van hul ingeboekte arbeiders ongehoorsaam was, ontken hy dat hy van enige opstand kennis gedra het. Hy meen ook dat die bestaande regulasies voldoende beskerming aan dienshere bied. Dan voeg hy egter by: „It is however to be regretted that the great distance at which most of the masters (having less than 2 apprentices) reside from this place (some even about 30 hours on horse back) often renders it impracticable to avail themselves of that Law, when required, which I suppose, is not very seldom the case — this unfortunate circumstance is undoubtedly much felt by these masters and whose disobedient servants probably take great advantage of it.”²⁹ Aangaande die ingeboekte bediende wat mev. Uys op Kersfees die skrik op die lyf sou probeer jaag het, beveel die Siviele Kommissaris aan dat die „Clerk of the Peace” Uys se aanklag behoorlik moet ondersoek.³⁰

Dat geen ondersoek plaasgevind het, wat tot 'n bevredigende oplossing vir die inwoners van die distrik Uitenhage gelei het nie, blyk daaruit dat presies 'n maand na Piet Uys se bovermelde memorie 'n verdere petisie deur Piet Uys, J. J. Uys (feitlik seker sy vader of broer) en J. Moolman — almal uit die distrik Uitenhage — die Kaapse Regering bereik het. Daarin is weer gekla oor die gedrag van die ingeboekte arbeiders in dieselfde distrik. Spesifiek word bygevoeg dat die owerheid nie aan hulle hulp verleen om die nadelige gevolge daarvan te bekamp nie. Hulle versoek nou dat die owerheid gebied moet word om dit te doen.³¹ 'n Week later is hierdie petisie o.a. na die Uitvoerende Raad vir 'n verslag verwys; maar daar skyn dit dood te geloop het, want ons beskik oor geen rekord van 'n antwoord aan die petisionarisse nie.³²

28. 'n' Gewaarmerkte afskrif van waarnemende regeringsekretaris W. Smith se brief aan siviele kommissaris Van der Riet, gedateer 6 Aug. 1835 te Grahamstad, berus in C.O. 2755: ongenommer. Theal het albei hierdie briewe (vermoedelik uit die D'Urban Papers) in sy *Documents relating to the Kafir War of 1835*, Londen 1912, gepubliseer op pp. 302-3.
29. C.O. 2755: Duplikaat, Van der Riet aan W. Smith, gedateer 11 Aug. 1835 te Uitenhage. Die aanhaling is op pp. 2 en 3 van die 4 ongenommerde bladsye. Sommige hoofletters is deur my gewysig.
30. *Ibid.* (p. 3 van die ongenommerde brief).
31. Geen teks van die petisie kon teruggevind word nie. In G.H. 34/6: No. 291, gedateer 4 Sept. 1835, word 'n opsomming van die inhoud gegee.
32. *Ibid.* Op die skedule in hierdie brieweregister word net aangeteken dat die petisie op 11 Sept. 1835 na die Provisional Government and Executive Council for opinion” verwys is. Die term “Provisional Government” kan dui op die waarnemende Regering te Kaapstad tydens die Goewerneur se afwesigheid op die Oosgrens. Daar word nie aangeteken dat enige antwoord ontvang of uitgestuur is nie.

Intussen het Piet Uys op 'n strawwe kommandoveldtog teen die Xhosas gegaan. Hierdie laaste fase van die Oorlog sou kwaai gevegte oplewer voordat die Oosgrensgemeenskappe beter beveilig kon word. Volgens Robert Godlonton se relaas van die Sesde Oosgrensoorlog moes Piet Uys aktief meehelp om talle Xhosa-invallers teen die middel van September 1835 ooswaarts te verdryf.³³ Vredesonderhandelinge was ver gevorder toe die Xhosa nuwe verwoede aanvalle op wydverspreide punte loods. Onder meer het hulle byna 200 beeste wat die regeringskontrakteur van Cradock na die Katriviernedersetting laat aanja het, gebuit. Dit is opgevolg deur 'n tweede, minder suksesvolle poging. Ook digby die Winterberg het hulle groot verwoesting op 'n plaas aangerig en drie of vier veewagters daar vermoor. Suid van Bathurst is die veekraal van Bowker weer aangeval. „The marauders had entered the enclosure” — so vertel Godlonton — „and were in the act of forcing open the gate, when a spring gun, which was attached to it, was discharged, wounding one man mortally, and alarming the others so much that they instantly fled.”³⁴ Selfs vlak by Grahamstad is sowat 'n duisend merino's weggevoer, wat in 'n vinnige agtervolging grotendeels teruggeneem is.

„In the course of these proceedings,” gaan Godlonton voort, „a large body of marauders had been traced to an intricate rocky defile near the mouth of the Guanga, a small stream of the ceded territory. The Field-commandant, P. Uys, being stationed in that neighbourhood, immediately proceeded to the spot at the head of a party of farmers, guided by the petty chief Tzatzoe. On reaching the edge of the rocky kloof where the enemy had taken up his position, Tzatzoe and Uys descended its sides until within sight and hearing of the Kafirs, to whom they called out requesting them to lay down their arms and surrender. The reply to this demand was that they were men, and were resolved to fight; and in the next instant they commenced a furious attack upon the farmers, many of them breaking their assegais short for the convenience of stabbing at close quarters.”³⁵ Piet Uys se manne het egter deur 'n konstante, goedgemikte vuur daarin geslaag om die verbete aanval af te slaan. Uiteindelik was die Xhosa verplig om in die bosryke klowe skuiling te soek. Agtien van die aanvallers het dood bly lê.³⁶

Net daarna het die vredesverdrae met die verskillende Oosgrensstamme gevolg en sowat 'n maand later verleen sir Benjamin D'Urban

33. Godlonton, *A Narrative of the Irruption of the Kaffir Hordes*, 1965-ed., pp. 222-3.

34. *Ibid.*, p. 222.

35. *Ibid.*, pp. 222-3.

36. *Ibid.*, p. 223. In sy *The Rise of South Africa*, III, Londen 1919, pp. 216-7, gee G. E. Cory 'n relaas van Uys se veldtog. Uys sou 22 burgers onder hom gehad het. „The Kaffirs finding they were discovered,” vertel Cory, „retreated towards the Keiskamma, but the burghers, now joined by Tzatzoe's people, followed them into a kloof near Line Drift. Uys sent a messenger to them to tell them that if they gave up their assegais no harm would befall them; their only answer, however, was the murder of the messenger. A fierce fight then took place during which eighteen Kaffers were killed and all the cattle captured.” Cory sê dat D'Urban op 13 September 1835 berig ontvang het van hierdie geveg. Soos gewoonlik, meld Cory nie sy bronne nie.

aan Piet Uys verlof om na sy huis terug te keer. Die Goewerneur het Uys se kwaai inspanning op die pasafgelope kommando hoog waardeur en hom, vermoedelik te Grahamstad, persoonlik gespreek. On 23 Oktober vertrek Uys vanuit Grahamstad op pad huis toe. By die mond van die Gamtoosrivier — so vertel hy kort daarna aan die Goewerneur — verneem hy „to his utter confusion and astonishment, that his memorialist's wife was on her way to Port Elizabeth as a prisoner — being taken and conveyed from her residence by — and in charge of a constable — under a warrant of apprehension issued by the Special Justice for the District No. 9.”³⁷ Volgens Uys het hy onmiddellik teruggery en konstabel Tee met sy vrou sowat twee uur van Uitenhage ingehaal. Van haar het hy verneem wat alles met haar en sy familie gedurende sy afwesigheid gebeur het.³⁸ Of hy toe reeds besef het dat hy ook deur Rosina van aanranding beskuldig is, weet ons nie. Vanselfsprekend is hy mee met die kar na spesiale magistraat Sherwin te Port Elizabeth om sy vrou te help verdedig. Aangevuur deur hierdie ervaring, tree hy spoedig nog sterker te voorskyn as voorspraak vir sy Uitenhaagse medeboere by die Regering. So ontwikkel Piet Uys verder as natuurlike leier van die beesboere op die Uitenhaagse kusvlakte.³⁹

IV

Uit die gedetailleerde dokumente wat vir die verhoor van Rosina en die daaropvolgende ondersoek gebruik is, blyk duidelik in watter situasie sommige grensboere hulle bevind het wanneer „moeilike” ingeboekte bediendes moedswillig klagtes by afgeleë spesiale magistrat ingedien het.⁴⁰ Dit was waarskynlik die 37-jarige oud-slavin wat, soos hierbo vermeld, reeds tevore met mev. Piet Uys gebots het, toe deur laasgenoemde by die magistraat aangekla is en met 'n waarskuwing losgekam het. Daarop sou die bediende — volgens Piet Uys — opgemerk het dat sy nie glo dat die wette haar kon straf nie.⁴¹ Volgens Rosina het sy reeds voor die Nuwejaar van 1835 na Uitenhage gegaan om mev. Piet Uys

37. *Ibid.* en C.O. 3983: No. 64, P. L. Uys aan D'Urban, 2 Nov. 1835 (aanhaling). „District No. 9” was Uitenhage. Kyk B. J. Liebenberg, *Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die Implikasies daarvan* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1959), p. 43.

38. C.O. 3983: No. 64, Uys aan D'Urban, 2 Nov. 1835.

39. Terwyl Piet Uys op die westelike kusvlakte van Uitenhage die leiding begin neem het, was Johannes Abraham Landman (die broer van die latere Voortrekkerleier Karel Landman) vermoedelik reeds besig om in die Olifantshoek die trekgedagte met die latere Uitenhaagse volgelinge van Gerrit Maritz te bespreek. Vgl. Muller, „Veertig Jaar uit die Lewe van die Voortrekkerleier Karel Landman”, in *Historiese Studies*, 4de jrg., no. 1, Maart 1943, pp. 16-35.

40. Al die dokumente waaroor ons beskik is geliasseer by P. L. Uys se memorie van 2 Nov. 1835, No. 64 in C.O. 3983. Die meeste is afskrifte, maar daar is ook sommige oorspronklikes, soos T. C. Sherwin se briewe en D'Urban se eiehanddiggeskrewe memorandum wat vermoedelik deur sy sekretaris aangepas is om as konsep-antwoord te dien. Die vroegste van die 13-tal dokumente is gedateer 17 Okt. 1835, en daarin vertel konstabel G. Turner van sy onsuksesvolle poging om 'n lasbrief op mev. Uys te dien. Die laaste is die bovermelde konsep-antwoord, gedateer 28 Nov. 1835 te Port Elizabeth, gedeeltelik deur die Goewerneur self opgestel.

41. C.O. 2755: P. L. Uys aan D'Urban, 4 Aug. 1835.

by die „Clerk of the Peace” van aanranding aan te kla. Op 11 September 1835 lê sy weer ’n beëdigde verklaring a fvoor Peter McRosty, „Clerk of the Peace” te Grahamstad, waarin sy beweer dat mev. Piet Uys haar herhaalde kere gewurg het. Elke keer wanneer Rosina nie haar werk bevredigend verrig nie, sou dit gebeur. Dan voeg sy by dat ag dae voordat Piet Uys op kommando in Kafferland gegaan het, hy haar ook drie keer sou geprobeer wurg het omdat sy nie sy waswater sou gebring het en hom goeie môre gesê het nie. Terwyl Rosina eers verklaar dat sy nie kan sê of mev. Uys haar geprobeer doodwurg het of slegs geprobeer het om haar seer te maak nie, beweer Rosina later in haar verklaring dat sy glo dat Piet Uys en sy vrou haar albei wou doodwurg. Hierdie geswore verklaring het Rosina op 29 Oktober 1835 voor spesiale magistraat Sherwin in Port Elizabeth herhaal.⁴²

Dit was na aanleiding van haar verklaring van 11 September dat die Spesiale Magistraat te Grahamstad dit onder sy dekkende brief na spesiale magistraat Sherwin te Port Elizabeth, wat oor die distrik Uitenhage jurisdiksie gevoer het, deurgestuur het. Dit is die volgende dag ontvang. Sherwin het toe eers meer as ’n maand later ’n konstabel, George Turner, met ’n lasbrief na die Krommerivier gestuur. Daarvolgens moet Piet Uys en sy vrou, met hul getuies aangesê word om te Port Elizabeth te verskyn. Op pad na die Uysse, by die mond van die Gamtoosrivier, weier die pontoperateur, Gert van Rooyen, egter om die konstabel oor te neem. In Turner se woorde het Van Rooyen die konstabel se geld (wat hy hom eers verplig het om te betaal) later laat neergooi „and grossly abused me at the same time damning all the English and the Government.” Hoewel die konstabel dit beklemtoon het dat hy op regeringsdiens was, moes hy onverrigter sake na Port Elizabeth terugkeer.⁴³ Dit skyn dus asof Van Rooyen doelbewus probeer voorkom het dat die ongewilde Spesiale Magistraat van Port Elizabeth sy besonder onpopulêre lasbrief op die Uysse sou dien; en in ’n hewige emosionele reaksie vaar hy terselfdertyd somaar teen die Engelse en die Regering uit!^{43a}

42. C.O. 3983: T. C. Sherwin aan W. Smith, 5 Nov. 1835 en Rosina se oorspronklike geswore verklaring van 11 Sept. 1835 geteken deur twee getuies voor McRosty en bevestig voor Sherwin op 29 Okt. 1835.

43. C.O. 3983: Sherwin aan Smith, 5 Nov. 1835 waarby ingesluit is konstabel G. Turner se geswore verklaring voor Sherwin op 17 Okt. 1835 (aanhaling).

43a. Gert van Rooyen, die ponthouer, het op die plaas *Loerierivier* aan die oostekant van die Gamtoosriviermond gewoon. Hy was ’n ryk man wat ’n jaar tevore die twee aangrensende of nabygeleë plase *Geelhouteboom* en *Stinkhoutebosch* (albei goed voorsien van water en hout) op ’n veiling geplaas het. Daarby het hy nog ’n plaas, uitstekend geskik vir skape, te koop aangebied. Dit was *Klipgat* by die Boesmansrivier in die distrik Albanie (vgl. *The Graham's Town Journal*, 9 Oktober 1834). In ’n kontemporêre reisgids word Gert van Rooyen en sy gesin as baie vriendelik en aangenaam beskryf. Daarby meld die skrywer van die gids dat daar ’n gesig is van St. Francisbaai op die hoogtes bo die Gamtoosrivier (kyk *S.A. Directory and Almanack*, 1834, pp. 117 en 121). In *The Graham's Town Journal* van 30 Maart 1832 is gerapporteer dat Van Rooyen deur die Uitenhaagse magistraat skuldig bevind is aan aanranding op twee Hottentotte, en behoet is.

Gert van Rooyen van *Loerierivier* moet onderskei word van minstens drie ander naamgenote in die oostelike wyk Onder-Boesmansrivier van die distrik Uitenhage. Gerrit Rynier van Rooyen het op die plaas *Sandvlakte* geboer.

Sherwin was verplig om na hierdie insident 'n tweede dagvaarding te laat uitreik, en 'n ander konstabel daarmee af te vaardig. Volgens Sherwin se latere verklaring het dié lasbrief mev. Piet Uys beveel om binne vyf dae te Port Elizabeth te verskyn. Op 21 Oktober het die tweede konstabel teruggekeer met 'n briefie deur mev. Piet Uys waarin sy beweer dat haar man afwesig is op kommando en dat sy geen vervoer het nie. Toe Sherwin die konstabel ondervra oor die waarheid van die verklaring, het hy hom meegedeel „there were two or three waggons on the premises of Uys”. Sherwin voeg daarby dat daar verskeie gevalle tevore voorgekom het waar die betrokke partye soortgelyke verskonings gemaak het, terwyl ander persone heeltemal geweier het om voor die hof te verskyn, met die gevolg dat geen verhore kon plaasvind nie en geregtigheid nie kon geskied nie: „Finding that the practices were becoming too prevalent” — so verklaar Sherwin — „I was induced for the *first time* to issue a warrant to bring Mrs. Uys to Port Elizabeth . . .” Ofskoon so 'n lasbrief ongerieflik kan wees vir persone wie se teenwoordigheid summier opgeëis word, kon hy dit nie onder die omstandighede vermy nie sonder om sy plig op 'n growwe wyse te versaak nie.⁴⁴

Gevollik het konstabel Richard Tee — soos hierbo reeds beskryf — met hierdie derde, drastieser dagvaarding by mev. Uys opgedaag. Volgens die lasbrief wat Tee steeds geweier het om te toon, moes sy (volgens Piet Uys se skatting) binne drie dae na die vertrek van die konstabel vanaf Port Elizabeth reeds terug wees in die hawestad. Piet Uys meen dit stel 'n onredelike eis want die Krommerivier is eintlik 'n tweedaagse reis van Sherwin se setel.⁴⁵ Mev. Uys was in werklikheid vanaf Sondag 25 Oktober tot Donderdag 29 Oktober 1835 onder konstabel Tee se arres.

Die saak daarenteen is baie vinnig verhoor — heel waarskynlik nog op Donderdag 20 Oktober of op Vrydag 30 Oktober, toe al die getuies teen en vir Rosina teenwoordig was. Een en almal het teen haar getuig. Carolina, 'n ander ingeboekte slavin wat Rosina as ooggetuie genoem het van die beweerde aanranding, het dit in 'n beëdigde verklaring ontken. Sy verklaar: „I once saw my mistress give Rosina a slap on the face, this happened when Mr. Uys was absent and in Kafferland . . . it was

Vgl. Slave Office 20/15: Appraisalment of Slaves for the District of Uitenhage, 1834-1835, folio 10R, G. R. van Rooyen; asook L.G. 172 (ou nommer): Memorials Received from private individuals (Claims re War losses) 1835, 111/1456. Gerrit Thomas van Rooyen het gewoon op die plaas *Palmietfontein* op die Boesmansrivier (L.G. 172 (ou nommer): 69/1589). In dieselfde band word Gert Thomas van Rooyen, die jongere, vermeld wat ook op die Boesmansrivier woon, in die wyk van Carel Buchner (1500).

44. C.O. 3983: Sherwin aan Smith, 5 Nov. 1835 (aanhalings) en Sherwin aan D'Urban, 16 Nov. 1835. H. J. Weston, die klerk van Sherwin, het op 16 Nov. 1835 gesertifiseer dat die konstabel aan hom sou gesê het „there were two waggons and one cart on the premises” (van Uys). Hierdie „Document A” is as bylae by Sherwin aan D'Urban, 16 Nov. 1835, deurgestuur.
45. C.O. 3983: No. 64, Uys aan D'Urban, 2 Nov. 1835. Vgl. ook Chase, *The Natal Papers*, I ,p. 45.

in consequence of her provoking my mistress by her impertinence.”⁴⁶ Carolina het verder op 29 Oktober 1835 te Port Elizabeth in ’n beëdigde verklaring ontken dat sy ooit vir Piet Uys vir Rosina sien mishandel het, of van enige van die ander bediendes gehoor het dat dit gebeur het, of dat Rosina dit ooit aan haar vertel het.⁴⁷ Nou het Piet Uys ook die aanklag van Rosina teen hom skriftelik ontken.⁴⁸ Toe Piet Uys se vader verder onder eed verklaar het: „I reside in the same house with my son and daughter. I never was present and saw ill usage of any kind, either from my son or daughter in law towards the complainant Rosina. I never even heard that any son or daughter had squeezed the throat of Rosina; the conduct of Rosina is very bad, and she always does her work very unwillingly, as well as negligently”⁴⁹ — toe is die Uysse ontslaan en Rosina gevonniss, soos hierbo vermeld.

Direk na afloop van Sherwin se hofverrigtinge — moontlik op Vrydag 30 Oktober of Saterdag 1 November — vertrek die Uysse met hul kar na Uitenhage waar Piet Uys nog op Sondag 2 November sy bovermelde memorie aan die Goewerneur onderteken. Gewapen met alle persoonlike feite i.v.m. sy vrou se arrestasie, rig Piet Uys nou sy striemende aanval op die besonder ongewilde spesiale magistraat Sherwin. Daarin sê hy dat hy glo „the Special Justice in this case acted in the most unwarrantable manner not having even by law, any authority for the act he did.” Uys verwys na sy „excitements and feelings at such cruel and oppressive conduct of the Special Justice.” Van die Goewerneur verlang Uys „redress and reparation which this unlawful and unjustifiable act required.”⁵⁰

Twee dae later laat die Goewerneur ’n brief van navrae oor hierdie saak rig aan Sherwin in Port Elizabeth, wat ’n dag later ’n verduideliking skryf. Die Spesiale Magistraat spreek daarin die hoop uit dat die Goewerneur „will do me the justice to see that the administration of the law has not been exercised by me with any undue severity”. Sherwin sluit sy brief af met ’n bewering dat die doel van Piet Uys se „getting up this alledged(?) grievance, is an artifice (as I am informed) that in case His Excellency should express any disapprobation of my proceedings, to use it as an instrument, and grounds of procedure to prosecute me again at the Circuit Court.”⁵¹ Elf dae later, op 16 November, verskaf Sherwin aanvullende inligting aan die Goewerneur ten einde die aanklag deur die prokureur Roselt opgetrek namens Uys, verder te weerlê. Die Spesiale Magistraat verseker vir D’Urban dat hy bloot op die inligting

46. C.O. 3983: Geswore verklaring, ongedateerd, deur Carolina, wat hier beskryf word as „a female apprentice of Petrus Lavras Uys . . . witness for Rosina.” Rosina se geswore verklaring (hierbo na verwys in voetnoot 42) beskryf vir Carolina as ’n „apprenticed laborer of Cobus Uys.”

47. C.O. 3983: Geswore verklaring, 29 Okt. 1835 deur Carolina, weer soos hierbo in voetnoot 46 beskryf.

48. Aan die voet van die pasvermelde dokument word Piet Uys se ontkenning bygevoeg.

49. C.O. 3983: Geswore verklaring, ongedateerd, deur Jacobus Johannes Uys, Senior.

50. C.O. 3983: No. 64, Uys aan D’Urban, 2 Nov. 1835.

51. C.O. 3983: Sherwin aan Smith, 5 Nov. 1835.

deur sy oud-konstabel verskaf, gehandel het; dat hy graag 'n verdere redelike uitstel in die dagvaarding aan mev. Uys sou wou toegestaan het; en dat geen melding van mev. Uys se siek kind gemaak is nie. Indien mev. Uys se bewering dat sy weens 'n siek kind en 'n gebrek aan vervoer nie toe kon afreis na Port Elizabeth nie, dan spreek hy sy spyt daaroor uit dat die toepassing van die wet so swaar op haar gerus het. Hy kan nie meer die lasbrief wat op mev. Uys gedien is, voorlê nie want dit is deur sy vorige klerk uit sy rekordboek gesny; daarmee het ander stukke ook verdwyn. Uit die Spesiale Magistraat se verdere opmerkings blyk dit dat hy nooit die Hollandse teks van die nota aan mev. Uys reg begryp het nie. 'n Ander klerk sou weer pogings om mev. Uys se verskoning uit Hollands te vertaal, vernietig het. Gevolglik kan mens nie alleen aflei dat taalprobleme tot misverstande aanleiding gegee het nie, maar dat sekere betekenisvolle amptelike stukke kort daarna verlore moes gegaan het.⁵²

Teen die einde van November 1835 kon die Goewerneur uiteindelik sy indrukke van die hele saak rakende die arrestasie van Piet Uys se vrou op papier stel en op 28 November uit Port Elizabeth in 'n amptelike brief aan Piet Uys meedeel. „I do not perceive,” noteer hy, „that any overt act of oppression, or wanton severity is made out in this case — nor any excess in the application of the Law, beyond its Provisions.” Dan volg 'n betekenisvolle opmerking: „It is . . . an obnoxious Law — and must be so in the nature of things . . .” Gevolglik „some of the odium of the effect *will* attach, however unjustly, to the officers.”⁵³

V

Die byna veertigjarige Piet Uys het nou op 'n keerpunt in sy lewe in die distrik Uitenhage te staan gekom. Teen die end van November, of die heel begin van Desember 1835, ontvang hy sir Benjamin D'Urban se antwoord op sy klagte teen spesiale magistraat Sherwin. Terselfdertyd kan hy die vrypostige Rosina aan die Krommerivier terug uit die tronk ver wag, nadat haar vier jong kinders intussen deur sy vrou versorg moes word. Hoewel hy en sy vrou albei deur Sherwin van aanranding vrygespreek is, voel hy nog sterk oor die buitengewoon summiere optrede teen sy vrou. Dat sy eie naam, terwyl hy op kommando sy vaderland verdedig het, ook tegelyk in die gedrang gebring is, grief hom nog verder. Soos tevore ook reeds gebeur het, is Uys sowel in sy persoonlike hoedanigheid as in dié van 'n ontlukende leier van Uitenhaagse grensboere, gemoeid in die arbeidsprobleme wat die ingeboekte slawe sedert 1 Desember 1834 in sy gemeenskap ingedra het. Nou is hy *ers* daarin gemoeid. Dat die Goewerneur self nou erken het dat die wet rakende die ingeboekte slawe „obnoxious” is, het reeds die grensboerstandpunt onderskryf. Die toepassing van so 'n wet wat o.a. dienshere verbied om self hul ingeboektes te straf, maar hulle elke keer verplig om hulle

52. C.O. 3983: Sherwin aan Smith, 16 Nov. 1835. Weens die verbleikte ink is hierdie brief besonder moeilik om te ontsyfer. Kyk ook die verklaring deur H. J. Weston, 16 Nov. 1835 („Document A”).

53. C.O. 3983: D'Urban se memorandum, 28 Nov. 1835.

by 'n afgeleë spesiale magistraat aan te kla, en wanneer hulle deur hul bediendes by die spesiale magistraat verkla word, hulle weer eens verplig om hul bediendes na die magistraatskantoor te volg om hul optrede te verantwoord — dit het 'n onmoontlike toestand geskep. 'n Vroulike ingeboekte soos Rosina, wat nie lyfstraf mag kry nie en waarskynlik ook nie 'n boete kan betaal nie, kan dus slegs deur tronksetting gestraf word. En dan word die diensheer haar dienste ontnem.⁵⁴

Hierdie toestand kan slegs draaglik wees indien die spesiale magistraat wat dit moet toepas, versigtig en taktvol optree. Taktvol was Sherwin, die marine-offisier wat kort tevore uit Groot-Brittanje aangekom het, egter allermins. In sy studie oor die spesiale magistrade, gee B. J. Liebenberg geen onduidelike uitspraak oor Thomas Couper Sherwin van die distrik Uitenhage nie: „Die ongewildste spesiale magistraat was Thomas Sherwin van Uitenhage. In Uitenhage waar hy eers gestasioneer was, het hy homself so ongewild gemaak dat hy by D'Urban toestemming gevra het om hom in Port Elizabeth te gaan vestig. Sherwin het Uitenhage beskryf ‚as a Town where the public feeling was hostile to his duties.’ Maar die redes vir sy ongewildheid moet uitsluitlik by homself gesoek word. D'Urban verklaar dat hy persoonlik in Uitenhage ondersoek ingestel het ‚into the causes of the animosity towards him (Sherwin) of which he had complained and I could not discover that he had any difficulties to contend with, beyond what had attended the commencement of the duties of all Special Justices . . .’ Hy is dan ook van mening dat Sherwin nie die ‚requisite qualities for the difficulties besetting his situation’ besit nie.”⁵⁵ Oor D'Urban se uitspraak rakende Sherwin sowat twee jaar later, sou Uys waarskynlik nooit bewus word nie, maar hy het klaar besluit dat hy (soos minstens een ander diensheer) persoonlik 'n hofspraak teen Sherwin gaan maak. Sherwin was juis bevrees daarvoor en het ook gewet dat sy kantoorekords heelwat te wense oorgelaat het.

Dat Piet Uys minstens vroeë sukses met sy hofspraak gehad het, blyk uit J. C. Chase se afdruk in sy sogenaamde *Natal Papers* (gepubliseer te Grahamstad in 1843) van 'n kommentaar daaroor gelewer deur die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* na Piet Uys se dood in Zoeloeland. In Uys se saak teen Sherwin vir die onwettige inhegtenisneming van sy vrou, eis hy dat die relevante dokumente voor die hof gelê moet word. Toe die Spesiale Magistraat die aansoek teenstaan, word sy kontensie deur die Hoofregter op die Rondgaande Hof verwerp *met koste*. Sherwin se regs-koste word later op bevel van die Goewerneur uit die distrikskas vir hom betaal. Volgens Chase skryf die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* dan dié betekenisvolle woorde aan Piet Uys toe: „‘What!’ says Piet Uys, ‘my complaint is as just as any, — if I get a sentence in my favor, the costs are paid out of the District Treasury; — if I fail in the *proof* of my case, I must pay treble costs; do you call that *equally protecting all parties?* — I prefer living amongst barbarians, where my life depends

54. Vgl. B. J. Liebenberg se uiteensetting van die werking van die inboekstelsel onder Ordonnansie 1 van 1835 in sy *Die Vrystelling van die Slawe*, p. 38 vlg.

55. Liebenberg, *Die Vrystelling*, p. 35.

upon the strength of my arms; rather than . . .!’ There he stopped — and — expatriated himself!”⁵⁶ Of dié relaas berus op ’n persoonlike mededeling deur Piet Uys aan die koerantredakteur of op ’n tweedehandse verslag, kan nie bepaal word nie.

Uit ’n aansoek wat hy en ander Uitenhaagse burgers op 5 Desember 1835 te Uitenhage aan die Siviele Kommissaris van die distrik Uitenhage rig, blyk egter dat Uys verder bedrywig word in die organisering van protesbewegings. Ook onderteken deur drie Moolmans, een Potgieter en een Human, lui sy aansoek soos volg:

„Wy de ondergetekende vele beswaring hebbende in te bringen tegens de wet der geapprenticeerde arbyders en dit niet anders kunnende doen dan by het hooren der Publieke gevoelen — weshalve wy de vryheid gebruikt U Ed zeer nederig te verzoeken aan de Ingezetene vir dit District Uitenhage te vergunnen eene by eenkomst op den 15 January aanstaande op de Plaats van de Heer W. H. Moolman aan de Zeekoe Revier, veldcornetschap Gamtoos revier, te houden, omme als dan eene memorie aan Zyn Exelentie onse Hoofgebieder ten deze effecte opte maken en door UwEd te doen presentereen.”⁵⁷

Dit is dieselfde kwessie van die beheer oor hul ingeboekte oud-slawe waarmee Piet Uys en sy mede-ondertekenaars uit sy omgewing hulle nou al lank besig hou. Onder Piet Uys se naam as eerste ondertekenaar, verskyn daar lede van die groot patriargale familie wat onder meer bestaan uit J. P., H. J., en P. J. Moolman en P. G. Human. Dit is opmerklik dat dit gaan oor ’n openbare bespreking op 15 Januarie 1836 onder die Uitenhaagse beesboere van een van die oorsake van die Groot Trek. Verder noord was Louis Tregardt, „Lang Hans” van Rensburg en Hendrik Potgieter reeds aan die beweeg. Op die suidelike kusvlakte was dinge ook reeds aan die roer, maar hier gaan dit nie om ’n geheime organisering van ’n Groot Emigrasie nie, maar om ’n openbare vergadering, gehou met amptelike toestemming.⁵⁸ Dan moes die gevoelens so uitgespreek in die vorm van die gebruiklike memorie aan ’n simpatieke Goewerneur voorgelê word.

Dit skyn asof Piet Uys nog nie op hierdie stadium besluit het om te trek nie. Omdat hy met sir Benjamin D’Urban persoonlik op besonder goeie voet verkeer het, sou hy hom nogmaals tot hom wend namens sy Uitenhaagse medeburgers. Vyf dae later stuur siviele kommissaris Van der Riet die versoek deur na die waarnemende regeringsekretaris, wat dieselfde dag namens D’Urban uit Uitenhage antwoord met die tegevoetkomende berig dat hy nie so ’n vergadering wil verbied nie. Hy wys die aansoekers daarop dat hulle griewe wil lug oor regulasies wat deur die Britse Regering neergelê is. Daaruit kan die Goewerneur dus niks goeds sien voortspruit nie. Dit kon miskien tot ’n agitatie lei wat die uitbetaling van vergoeding vir die vrygestelde slawe kon belemmer. Indien

56. Chase, I, p. 92.

57. C.O. 2755: Oorspronklike ongenommerde memorie deur P. L. Uys en andere aan siviele kommissaris Van der Riet, 5 Des. 1835.

58. Kyk my ongepubliseerde studie *Die Oorsprong van die Groot Trek*, Hoofstuk IX.

die petitionarisse egter daarop aandrang, sal verlof verleen word. As voorwaardes lê die Goewerneur neer: die verrigtinge op die vergadering moet gematigd wees, beperk tot die aangegewe doelstelling (om 'n petisie vir die Britse owerheid voor te berei), en laastens moet alles op 15 Januarie 1836 afgehandel wees⁵⁹.

Sir Benjamin D'Urban was korrek in sy vertolking: die Britse regulasies wat die hantering van ingeboekte oud-slawe beheer het, was basies deel van die breëre Britse beleid teenoor die Kaapkolonie. Wesentlik sou dit nie in hierdie jare gewysig kon word nie. W. Smith sou in 1843 aan D'Urban „the interference with their slaves by the appointment of Guardians and Special Justices” as 'n hoofsaak van die Groot Trek beskryf.⁶⁰ In April 1836 het Piet Retief namens die inwoners van die Winterberg en Koonap aan siviele kommissaris Duncan Campbell van Albanie die verskillende aspekte van die arbeidsgebrek in die oorgrensdistrikte uitstekend saamgevat: „The increasing insubordination and desertion of these manumitted slaves, now Apprenticed labourers, and other of the Colored Classes, on entering into service, are other grievances of great magnitude, to which they desire to call your particular attention. To this may be added the great distance of the seat of magistracy from their habitations a circumstance which has a powerful effect in producing this insubordination, it being impossible that the masters for every offence of an Apprentice, or other Servant, can undertake a journey of 2 or 3 days to the nearest magistrate, a task not only attended with great loss of time, but under the present circumstances would greatly endanger the safety of their families. The only alternative is they are deprived in most cases of the services of their Servants, and which in the present distressing times cannot fail to have a most prejudicial (prejudicial?) effect upon their Agricultural pursuits in general.”⁶¹

Die memorie wat uit die openbare vergadering sou voortspruit kon dus geen invloed op die Britse beleid hê nie. Onder meer sterk ontroer deur die verlies in beheer oor die grensboere se arbeiders, berei Piet Uys self laat in 1836 voor om uit Uitenhage noordwaarts te trek.⁶²

VI

Die arrestasie van sy vrou, en dat dieselfde aanklag ook teen hom gerig is, sou Piet Uys, sy familie en vriende nog lank in herinnering roep.

As Voortrekkerleier skryf hy op 7 Augustus 1837 oorkant die Oranjerivier aan sy vriend die Goewerneur:

59. Acc. 519: D'Urban Papers, deel 17, W. Smith, aan Van der Riet, 10 Des. 1835, pp. 162-3 en deur Theal gekopieer in *Emigration Documents* op p. 88.
 60. Acc. 519: D'Urban Papers, II, no. 17, Smith aan D'Urban, 2 April 1843.
 61. Ay. 8/87: Papers Received from Misc. private individuals and bodies, 1836, Retief aan Campbell, 11 April 1836.
 62. Nadat hy op 25 en 26 Oktober 1836 vendusie gehou het, trek hy in April 1837. Vgl. Landdros Pietermaritzburg 16: Uitgestorwe Boedels, L-V, 1833(?)—1845, No. 201, Petrus Lafras Uys, Copy van het vendu roll . . . (Natale Argiefbewaarpark, Pietermaritzburg). Kyk verder Chase, *The Natal Papers*, I, pp. 91-5 en *The Graham's Town Journal*, 20 April 1837.

„All domestic rights in our homes and on our farms have been taken away from us, which has brought the Heathen into such a state of insubordination as to expose us to the risk of the loss of property and even life. Neither have we the right to defend ourselves against the vagabonds and thieves who live at our expense; and if they think proper go to a magistrate and make a false oath without witnesses upon which we are seized by black and white constables in the same manner as murderers and brought before the Court to the great injury of our reputation, whilst if the heathen lose their cause then the costs are paid from the Government chest to which we must pay heavy taxes annually; and if the Christians are condemned they must then pay a fine out of their own pockets or be sent to prison.

On this point Your Excellency is aware how I myself was treated in the late Kaffir War and whilst I was in presence of the enemy and my property unprotected; which vexatious treatment has also had great influence on many of the Inhabitants.

The slaves who were our property, who cost us much money and for whom we paid every Government due, have been taken from us upon a Parliamentary taxation and have become free for a third part of the money for which they were taxed; and our domestic rights having been taken away, the masters and mistresses are scandalously treated.”⁶³

Die Voortrekker-Volksraad het nog later, in November 1838, in antwoord op goewerneur sir George Napier se uitnodiging van 21 Mei 1838 aan die Voortrekkers om na die Kolonie terug te keer, geskryf: „De redenen van onze Emigratie, zyn onderscheiden; sommigen van eenen personeelen aard; anderen hebben publieke oorzaken. Onder de eerste die menigvuldig zyn, zullen wy slechts een enkele aanhalen: — namelyk, het onwettig arresteren van Mejufouw Uys, gedurende de afwezigheid van haar echtgenoot, die op kommando tegen de Koffers afwezig was.”⁶⁴

63. My aanhaling is uit die vertaalde teks in C.O. 3995: No. 126, Uys aan D'Urban, 7 Aug. 1837. Kyk weer my voetnoot 5 hierbo.

64. J. H. Breytenbach, red., *Notule van die Natalse Volksraad (volledig met alle bylae daarby), 1838-1845, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. I*, Kaapstad 1958, p. 264. Kyk ook 'n Engelse teks in Chase, *The Natal Papers*, II, p. 45. J. C. Chase vertel verder in sy *The Natal Papers*:

„Another cause of sore complaint connected with this question arose from the special justices. The following case, which was related to me by a boer of the name of Jacobus Uys, at Port Natal, an intelligent and respectable man, will convey an idea of what used to take place. His farm was at the Kroom river, and one of his apprentices made a complaint of ill usage against him to the special justice, who lived two days' journey on horseback distant from him. Uys was summoned to appear: he made his statement, and was allowed to return home. It seems, however, that something had been omitted in the examination, and he was summoned again; hence a journey of eight days was inflicted on him. At least judgment was given, and the complaint dismissed as being frivolous and vexatious.” (I, pp. 44-45).

Dit is nie duidelik of dit 'n verwarde relaas is van Piet Uys se ervaring nie, of nog 'n voorval in dieselfde familie, en dus 'n verdere onaangename ondervinding met spesiale magistraat Sherwin. Indien laasgenoemde die geval was, kan die griewetradisie in die groot Uysfamilie nog beter begryp word.

Teen die heel end van die negentiende eeu, in 1894, het Odé die sogenaamde „Losse Mededelingen van Johannes Zacharias Uijs” aange-teken. Hierdie, die jongste broer van Piet Uys, wat tydens die arrestasie van Piet Uys se vrou in Oktober 1835 sestien jaar was, vertel nou, op 75-jarige leeftyd, aan die Staatsgeskiedskrywer van die Suid-Afrikaanse Republiek:

„De vrouw van Piet Uijs die bestrafde 'n apprentice meid, vroeger slavemeid, met 'n klap in 't aangezicht. De meid beklagt zich bij de magistraat van Uitenhage, Jan Villiers. Piet Uijs was afwezig, wellicht naar de Kaap. De vrouw werd gedagvaard. Zij zeide tot de bode: mijn man is niet thuis; zeg aan de magistraat dat zo gou als mijn man thuis is, ik zal komen. — Neen jou beest, daar heb ik geen order voor om jou te laten wachten, ik jaag jou vooruit.

Daarop ging zij naar haar schoonvader, aan wie zij dat vertelt. Deze zeide de bode: ik sal haar wel brengen, waarop de bode om sekuriteit vroeg. Ik zal jou sekuriteit geven, ik span dadelik in en ga met je saam.

Bij de magistraat gekomen, 8 uur verder, wordt zij in verhoor genomen. Zij vroeg de magistraat hoe hij zulk 'n streng bevel gaf, om haar als 'n misdadigster mede te nemen. Zij had toch geen misdaad begaan.

De magistraat vroeg haar of zij wel wist met wie zij sprak, en of zij wel wist dat hij op de stoel van Mozes zat?

Toen vroeg oude Uijs 'n paar woorden te mogen spreken:

„Mijnheer Villiers, mijn dochter heeft geen kennis van de stoel van Mozes, doch ik wel. De stoel is heilig, rechtvaardig en onpartijdig, doch hoe jij op die stoel zit weet ik niet.

Hierop zeide de landdrost niets, en liet de zaak op zijn beloop.

Toen Piet Uys thuis kwam en van de zaak hoorde, nam hij het besluit 'n nieuw land te zoeken, en [van] onder de Engelsen weg te trekken. Dit is de oorzaak van de oprichting der kommissie van Uijs.”⁶⁵

Die verwarring in die geheue van die grysaard spreek duidelik as 'n mens bostaande relaas, aan die hand van die oorspronklike dokumente aangaande die arrestasie van Piet Uys se vrou, bestudeer. Tog spreek die emosionele skok wat die gebeure op die Uysse se gemoed laat in 1835 aan die Krommerivier gemaak het, selfs nog duideliker. Hoewel Piet Uys natuurlik meer as ses maande tevore reeds van sy besoek aan Natal teruggekeer het, moes die arrestasie van sy vrou onder dié omstandighede hom hewig ontstel het. Uit die herinneringe van Johannes Zacharias Uys straal na 60 jaar nog die geskokte reaksie van die Uys-familie oor die brutale houding van die bode en die vervreemdende optrede van die magistraat. En insoverre dit 'n rol gespeel het om Piet Uys te laat wegtrek, was die familietradisie korrek.

In die geskiedenis het dit meermale gebeur dat deur 'n buitengewone sameloop van omstandighede sake in 'n onverwagte rigting gestuur is.

Dit kan dan of die vader van Piet Uys wees (wat egter reeds in Julie 1838 in Natal oorlede is), of 'n broer van Piet Uys, of die bovermelde oudste seun van Piet Uys. Vgl. o.a. J. 374: Opgaaf Rolle, Uitenhage, 1826, veld-kornetskap Gamtoosrivier, nos. 58 en 59.

65. G. S. Preller, *Voortrekkermense*, I, Kaapstad ens. 1920, pp. 295-6.

Hier is kennis gemaak met 'n episode in Piet Uys se lewe laat in 1835, toe gebeure in die distrik Uitenhage hom diep ontroer het. Dit was nie net die hele stelsel waaronder die ingeboekte slawe nou geadminestrer is nie, wat hom (soos vir Piet Retief) erg sou grief nie — dit was ook 'n intens persoonlike ervaring. Een van die essensiële komponente van die drama wat binne 'n paar dae laat in 1835 afgespeel het, was dat dit die mins taktvolle spesiale magistraat in die hele Kolonie was wat nou besluit het om die derde van drie agtereenvolgende bodes te stuur om Piet Uys se vrou voor sy hof te bring. Omdat die eerste bodes nie in hul doel kon slaag nie, ag Sherwin dit nou gebiedend noodsaaklik dat konstabel Richard Tee self mev. Uys moes gaan haal. Op 'n Sondag kom die konstabel met sy lasbrief op ouderling Jacobus Uys, Senior, se plaas aan, wat die volgende dag sy skoondogter vergesel op haar lang reis na Port Elizabeth. Moeg en uitgeput van sy maandelange kommando-diens, ontmoet Piet Uys hulle op die pad. Hier verneem Piet Uys dat sy vrypostige ingeboekte slavin Rosina sy vrou, en daarby homself, van aanranding aangekla het. Erg onthuts gaan hy oor Uitenhage saam na Port Elizabeth. Albei Uysse word onskuldig bevind deur Sherwin, en Rosina gaan tronk toe. In verontwaardiging kla Piet Uys vir Sherwin tevergeefs by die Goewerneur aan: hy is verplig om self 'n saak teen die Spesiale Magistraat te maak. Soos Piet Retief in die aangrensende Albanie, maak ook Piet Uys in die distrik Uitenhage 'n beginselsaak van hierdie episode; maar bereik ewe min. So tree hierdie grensboerleiers op in 1836, die eintlike jaar van die Groot Trek. In navolging van die Voorste Mense — Tregardt, Van Rensburg en Potgieter — besluit Uys gedurende die volgende maande om hulle noordwaarts te volg. In Oktober 1836 vind sy veiling plaas en in die herfs rol sy wawiele op hul besonder lang pad vanaf die Krommerivier op die verre suidelike kusvlakte van die Kolonie. Die Uys-trek ontvang besondere aandag toe dit oor Grahamstad beweeg en 'n historiese Bybel ryker word; toe Piet Uys van oorkant die Oranjerivier aan die Goewerneur skryf; kort daarna 'n besonder selfstandige verklaring uitreik; en Piet Uys met sy seun Dirkie na Noord-Natal en Zoeloeland voortbeweeg. Te Italeni ontvang die eienaar van opregte perde sy dodelike wond op sy perd se rug, en sy seun ontvang onsterflike roem.

Prof. C. F. J. Muller.